



"I need some short-term economic stimulus."

Met Spanje en Griekeland as hoofnuus, is die finansiële markte waarskynlik in 'n "wag en sien" fase. Selfs ekonomiese stimulus deur sentrale banke het nog nie werklik die algemene gemoed verander nie (sien die invoegsel deur Bernard Schoenbaum).

As belegger is ons in wese slegs van die

- 'n Positiewe bydrae maak tot die samelewing en gemeenskap;
- Verbind tot etiese gedrag

Die doelwit is om **langtermyn-volhoubaarheid met enige beleggingsbesluit aan te moedig**. Dit reik ook uit na hoe bate-eienaars hul eiendomsreg moet uitoefen om die beleid te bevorder. Verskeie beheerliggame het tot op hede CRISA in die openbaar aanvaar soos bv die Raad op Finansiële Dienste (RFD) en die Johannesburgse Effektebeurs (JSE).

Om die gedragskode te toets sal 'n ekstra poging deur die belegger verg. Eers dan kan iemand regtig bepaal of dit bloot lippediens is, en of die instansie werklik tot volhoubaarheid sake verbind is. So byvoorbeeld, kan bestuurs-maatskappye 'n soortgelyke beleggings-profiel hê, al is die portefeuljes anders. Een kan 'n portefeulje saamstel wat beleggings in tabak, alkohol of onetiese uitleenpraktyke **uitsluit**, terwyl 'n ander benadering wel in hierdie industrieë belê, maar aktief die verandering aanmoedig. Uiteindelik sal die SRI sy weg dmv kleinhandel-beleggings en sosiale media soos Facebook en Twitter die verandering in sekere bedrywe eis. Die Duitse filosoof Arthur Schopenhauer het 'n stelling gemaak: "Daar is drie stappe in die openbaring van enige waarheid: in die eerste stap word dit as belaglik uitgemaak, in die tweede word dit weerstaan en in die derde word dit as vanselfsprekend beskou."

Promosies en tierlantyntjies

Ons is bewus van 'n promosie deur 'n groot bank in Suid-Afrika. Dit is 'n klassieke voorbeeld van hoe finansiële instellings misleidende inligting aan die publiek deurgee. Gevolglik sluit ons kern elemente by die uitgawe in. Met verwysing na 'n vorige brief tov finansiële waarborge, moet ons in gedagte hou dat waarborge gewoonlik "versoeters" is... en soos die spreekwoord sê: "Jy kan nie jou brood aan albei kante botter nie".

Die promosie is in wese 'n kontraktuele belegging **oor 24 maande**, wat jou forseer om enige buigzaamheid in te boet. Verder... die "tot 25%" opbrengs wat aangebied word, is die **kumulatiewe opbrengs** oor 24 maande. Die syfer is ietwat misleidend aangesien prestasie **gewoonlik per jaar uitgedruk word – ook beter bekend as die saamgestelde opbrengs**. Indien ons "appels met appels" vergelyk, is die saamgestelde opbrengs oor 2 jaar 11,8% per jaar wat ekwivalent is aan 25% kumulatiewe opbrengs oor 24 maande.

Die saamgestelde opbrengs berekening is soos volg:

- Jr 1 R100 gaan tot R111.80
- Jr 2 R111.80 gaan na R125 (111.80X1.118), dws 25% oor 24 maande

Dit is redelik, maar geensins buitengewoon nie. Finansiële instellings steun swaar op promosies om nuwe besigheid te genereer. Die vraag is eintlik of iemand wesenlik beter daaraan toe sal wees? Dit is moeilik, **aangesien die aanbod ook op die algemene mark-prestasie aangewese is** (soos dit in die fynskrif uiteengesit word).

Ons punt is bloot dat mense alle opsies deeglik moet oorweeg. Oor die jare het uitsonderlike bemerking die verbruiker soms uitgevang. Glans brosjures en goeie verkoops-tegnieke is geneig om mense makliker te oortuig.

volgende drie dinge verseker:

1. In die nabye toekoms sal die markwaarde van 'n maatskappy altyd van sy intrinsieke waarde verskil, nl die onderliggende bate-waarde, of dit nou fisiese bates soos masjinerie en/ of intellektuele eiendom is. Ongelukkig sal kwartaallikse state ons voortdurend aan hierdie verskil herinner
2. Histories het maatskappye met 'n relatiewe lae prys-verdiensverhouding (in Engels bekend as PE) beter gevaar as hul eweknieë oor die daaropvolgende 5 jaar
3. Ons kan nie die tendens van finansiële markte oor die kort-termyn vooruitskat nie. Daarom **beplan ons eerder as om te voorspel**. Warren Buffet het tereg sê: "Risiko ontstaan wanneer jy nie weet wat jy doen nie."

Sosiaal Verantwoordbare Beleggings

Daar is reeds heelwat oor "Socially Responsible Investing" (SRI) geskryf. In die algemeen ook bekend as "etiese-" met verwante konsepte soos "groen-", "waarde-gebaseerde", en/of "volhoubare beleggings".

Met die bekendstelling van dié nuwe Kode (CRISA wat staan vir Code of Responsible Investing in South Africa), was Suid-Afrika slegs die tweede land na die Verenigde Koninkryk wat formeel institusionele beleggers aanmoedig om omgewings-, maatskaplike en beleid (Environmental, Social and Governance) kwessies in 'n beleggings-proses te integreer. Empiriese studies toon dat verantwoordbare beleggings (SRI) in ontwikkelde ekonomieë geleidelik beweeg van 'n rariteit tot 'n hoofstroom oorweging. Sulke "filters" word dikwels gevorm deur ekonomiese welvaart, vandaar die Nederlandse uitdrukking "Eerst het brood, dan de moraal" (eerste brood, dan morele waardes). In teenstelling met die eerste wêreld, sal Suid-Afrika geneig wees om op werkskepping en die ontwikkeling van infrastruktuur te fokus.

CRISA het enkele kontroles ten doel om hierdie **vrywillige raamwerk** suksesvol te maak. Die nuwe kode sal poog om die regte besluite deur aandeelhouders en maatskappye aan te moedig. In wese is die beleggingskode op plaaslik sowel as internasionaal aanvaarde beginsels gebaseer wat die drie pilare van korporatiewe gedrag wil beïnvloed:

- Dat maatskappye skade aan die omgewing beperk,